Ps. 98 : 1
Ges. ~~[illegible]~~ 189 : 4, 5.
~~Ges. 189 : 4, 6.~~ Ps. 146 : 8

# Regeer God Nog ?

(Ps. 97) (Mk. 10 : 35-45)
(~~Joh. 14 : 1-10~~)

Kerk. 26 Mei 1940.

Ps. 97 : 1 „Die Here regeer ; laat die aarde juig!"

Vrede- & verskoning as ons heskaal : tot Kerk v/a : opsech. wd

Inl : i) Dis nie nodig om te sê dat ons krisistye deurgaan nie, dat die wêr. v.d. 'n Krisis beleef soos nog nooit vantevore nie. Alle sekerhd wat ons nog gehad het besig om binne in duie te val. ~~Afgeleer~~, Skynbaar is al die ou dinge besig om te wankel, inmekaar te tuimel. Soos die bomme van die vegtendes die huise skud & skeur, so skud die gebeurtenisse v.d. wêr. ons huisies van sekerheid & veiligheid w/in ons lewe.

Ek weet nie hoe dit vir u voel nie, mr. vir baie wat staan in die stryd daar anderkant is die grondslag, die fondament van hulle lewes besig om te wankel. Mense v.d. wêr. gesk. meen dat die ou orde v. dinge besig is om binne te verdwyn en dat 'n nuwe orde besig is om geskep te word.

Miskien is dit so, ons weet nog nie seker, soos ons ook nie seker weet wat die wêreldlning druk v.d. huidige toestande nie. Mr een ding weet ons baie duidelik: vir die ernstige Xten is die huidige toest. v.d. wêr. een v.d. strengste toetse wat sy geloof nog ooit moes deurgaan. Die Xten in oorloggrensende lande voel dit miskien meer as vir ons almal kom in h.d. krisistyd ~~die~~ die baie ernstige vraag:

Regeer God vandag nog die Wêreld ?

Is Hy nog aan die roer van sake?

Weet u, dis 'n baie ernstige vraag: weet nie of vir jul~~le~~ u
mr. vir my wel: ~~Is~~ daar nog 'n God wat sorg & bestuur?
Veral vir jong wat nog nie vas staan:
Want as daar nog God is, hoe moet ek dan die huidige
w/om laat Hy dan huid. toestand toe?
toestand v.d. wêr. rym m. Sy voors. + liefde & alwyse bestuur?
En as nie God is, w/voor leef ek dan nog? Is my
belyd. dan nie verkeerd nie? Wat ~~kan~~ waarde gebed?

Wil u nie laat twyfel nie, mr. u net dies.
br. stel wat duisende ernstigges. Xtene vand. moet beantw.
op die slagvelde v Eur. // regeer O nog? As duisende
jong manne besig is om ~~te sterwe~~ afgemaai te word? As huise
verbreek, vroue & kinders moet ~~ly~~ ly, as haat & bitt.
seëvier – // regeer O dan nog? Indien, w/om wêr so?
~~Kl~~ Klink dit nie baie na 'n bespotting om te sê: Ps 97:1.

// Ons vra u om saam m. ons v/a. ~~dd~~ die antw. op dd. vr. te
gaan soek in hd. 1e vers v. Ps 97: „Die Here regeer, laat
die aarde juig." // Miskien sal u sê: Die man het
1000e jare gelede geleef – hy weet niks v.d wêr. v.
v/d. nie, van al sy ellende en bitterheid & slagting nie.
V/dat u dit sê laat ons eers bietjie nagaan & sien
wat die wde ons gee – miskien beteken dit meer
vir ons as wat ons nou kan besef.

Ons vind hier:

I, 3 'n abs. Verskering Blye v.d. Koning temidde van Donkerheid & Stryd:

Wie hd. B. geskryf het weet ons nie, presies wanneer weet ons ook nie, mr. die toestand wat hier in vs 2-5 geskilder word gee ons baie sterk rede om te glo dat hd. wde gebore is in tyd vol roering & dreigang, 'n tyd v. donkerh. & stryd. Die beeldspr. hier gebr. wys ons duid. dat dit besig was om te gis & kook aan alle kante, wêr. 'n ware heksketel - alles is onseker & duister. Oor die wêr. word oordeel uitgespreek:

B. 3-5: „'n Vuur gaan voor sy aangesig uit en steek sy teëstanders rondom a.d. brand. Sy bliksems verlig die wêreld; die aarde sien dit en bewe. Berge smelt weg soos was voor die aangesig v.d. Here, voor die aang. v.d. Here v.d. hele aarde."

Dis o.T. bewoording maar ons verstaan dit baie goed: Die ps sê - Daar is groot nood, dis 'n benoude tyd: nie alleen in nat. maar ook in geestel. sin.

ii) Mr. nou sal u miskien sê: Wie sê dis nie net soos hy dit sien? net man se eie gevoelens nie? Wie sê dit was werklik 'n tyd v. nood vir hele volk & wêreld?

Antw: Die Isr. & veral die B. digters was nooit individualiste nie - as hulle gepraat het het hulle altyd hulle volk se gevoel vertolk. Wat daar in die wêr. omgaan, namens die hele volk gepraat.

gaan ook in hulle harte om: hulle is Kinders v. God nie juis afsonderlik ook kinders v. hulle tyd: die lewe met sy vrae & node dring d/deur hulle heen – staan nie buite maar in d. middel d/v.

iii) En juis d/om luister & glo ons na wat díe man sê: Hy weet nie wat hy praat:

Die man v Ps 97 sien die verwarring, „die wolke & die donkerhede", die ondeurgrondelike & onbegryplike van so baie gebeure om hom: —

En tog begin & eindig hy ps. met lof & dank!

Begin: Die Here regeer, laat die aarde juig.
End: Regverdiges verbly julle in die Here & loof sy heil. gedagt.

Ons sien dus hier 'n man wat die toestand v.-kant in die oë sien, wat nie probeer om al die raaisels te verklaar nie mr. wat volhou: God regeer

Asof hy sê: Is onsek: tyd, ek weet nie w/om G dit so wil nie mr. ten spyte v alles weet ek seker: G regeer!

Hy wit: goed uit kwaad ons Auto op vraag

Waar kry hy hd. sekerheid v/daan? Deur argumente? Deur bewyse? Niks dv. nie: Hy het geen ander sekerheid as net sy kind-geloof dat God regeer.

En nou kan ons redeneer soos ons wil & sê wat ons lus het, mr by die groot feit kom ons nie verby: Hd. man het 'n skuilplek & 'n geneesmiddel wat ons nie het nie, – ~~twee dinge wat ons d. meeste nodig het mr nie kan kry nie.~~

~~Ps. 97:1~~
~~Pouse.~~
{~~Aanhaling: 5; 1.~~
{~~Jes. 15 1: 6.~~

Skuilplekke: as die bomme val & die Kanonne dreun soek ons skuilplekke teen lugaanvalle ; mr. as Gods oordele val & die wêreld dreun, soek ons dan skuilplek teen d. aanvalle – by God? Dis waar dié man syne gekry het – & was nie teleurgestel nie.

Gemoedsrus : Dis ook waar by sy ~~Die versekering bring ons ook~~ gemoedsrus elke oomblik omdat ons nou weet: God regeer – al sou dit lyk of die wêr. te pletter loop op sy eie dwaashd: O reg! Al sou dit lyk of die regeringe God heeltem. buite rek. laat & net hulle eie wil & weg volg: O regeer! Al sou die weë v. God met hd. wêreldnood & land. onverst. was: God regeer! En dan sal ek in stilte wag tot Hy my krys wat Sy plan is : ek sal nie probeer om dinge in my eie hande te neem nie, ek sal nie myself verhef & hoogm. wees & ek wil staatsgrepe of rebellies uitvoer nie – ~~miskien wil O deur hd. kwaas met my praat soos nog nooit tevore nie:~~ & dan sal ek skuilplek soek by Hom & stil wees & wag want Hy regeer. Hy weet waarom – al weet ek nie : ek sal nie wankel nie!

Dag sal kom – terugkyk: waarlik, O regeer! – Storie {voor / na / nou}

As ons hier nud I in abs. krisis. temidde v. Donkerhd & Stryd – uit die kwaad die goeie: mönetig dan ook kom uit die duister.

spreek daar uit die wêreld 'n:

IV

III II <u>Definitiewe Opdrag vir die Xtene as Onderdane</u>:

i) Hier staan baie duid: „Die Here is Koning" en as die verseker(ing) vir ons iets beteken dan spreek d/uit 'n baie duid. opdrag. As God dan Koning is, as Hy regeer, dan moet ons as Sy onderdane na Hom luister, sy bevele volg, veral in hd. tye van krisis.

ii) God wil dus 'n <u>bepaalde & belangr. werk</u> aan ons <u>opdra</u>, <u>juis in hd. tyd</u> van woeling & gisting & stryd – 'n werk wat die Xtene alleen kan doen. Eers (1) <u>nadat</u> ons ons <u>sus</u> & <u>sterke</u> verkry het in God, kan Hy ons met die opdrag: „Ek regeer – Hoor na my bevele!"

iii) En nou vra ek myself af (2): <u>wat wil God hê dat ons as Xtene moet doen in hd. tye</u>? Wat moet ons houding & begeertes wees? Wat gaan ons houding wees aan die einde v. hd. krisis?

iv) As antw. stel ek u voor: ~~wat ek u aan saam met my terug te gaan na~~ die einde van 'n dergel. krisis in die gesk. vd. wêr. toe O seef sy antw. gegee het.:

Die <u>einde vd. O.T.</u> teken ons die einde v. 'n ontsettende krisis in die loop vd. wêreld – vir Isr.

het dit beteken die ondergang van alles wat vir hulle iets werd was: lewe, goed-d. vryheid ens.
Ou wêreld > nuwe.
Tog stuur G sy seun: om die Rom. Ryk omver te werp? Nee – om te gaan sterf op Golgotha.

v) In tye v. krisis verwag G v ons wat Hy van Sy Seun verwag – niks anders – nl. om deel te hê a.d. lyding v.d. wêreld, om ook ons siel te gee as 'n losprys vir baie. Hy verwag dat ons ook verantw. & sal aanvaar vir ander se lewes, hulle kommer & smart, dat ons ook in stilte sal dien & werk omdat Hy regeer & ~~Hy ons Vader is wat beste weet wat ons nodig het~~!

vi) En nou verstaan ons ook dat God nie alles aan ons duidelik wil maak nie: Hy wys ons dat die toestand v. vandag daar is omrede van ons eie ongeh. & sonde & hardnekkighd – maar Hy gaan verder & verseker ons dat as ons in stilte ons kruis ook opneem & ly vir ander soos Chrs vir ons gely het, ons rus & sekerhd sal kry, // ons sal ondervind al verstaan ons dit nie: God regeer.

Ons weet nie wat die uiteinde gaan wees nie –

nog minder weet ons wat die dag van môre gaan bring:

Ons bid saam m. duisende & 10/d. oor ons hele land dat die Krisis mag verbygaan: miskien wil U dit juis nie laat verbygaan nie, m. ons daar laat deurgaan!

Mr. wat ookal gebeur vir ons staan die een feit uit bo alle ander, die één sekerheid al wankel die hele wêreld, & al word die berge versit in die hart v.d. see:

Die Here regeer!

Ek dink hier a.d. wde wat 'n Belg. priester na die w/o. neergeskryf het wat 'n bewys is van sy vertroue behou te midde v.d. beskikkinge v. oorlog:

I Ek wil uit dankb. eerw. hier bely
Dat deur al die oorlogssmart, die vlam & vuur,
Dat midde in die nood & dood, O God, tot op die uur,
U hemelvrede in my swak menschehart woon bly.

En dan bid hy:

II Behou in elke hart O God dit is my bede
Die vreugdetoon, daar by u Kruis beloof
Deur Bethlehems englesang: U vrede, vrede, vrede!

III Dan sal u needrig kind met biddend hart
al verder gaan & waar ek gaan by elke trede
het seggies sê: Die Heer regeer, Sy naam geloof!

My vriende,

Uit die vernietiging & puinhope v.d. ou wêreld sal een v.d. dae 'n nuwe wêreld opgebou moet word. In baie diepe erns wil ek aan u & myself die vr. stel: Op watter basis gaan ons die nuwe wêr. bou? Met watter beginsels as grondslag? "Gaan God regeer in die nuwe wêreld? Of gaan dit nr. weer die ou wêr. wees met al sy haat & selfsug wat sal regeer?"

Antw. baie duid. & baie eenv: God sal alleen in die wêr. kan regeer as ons Hom sal toelaat om ons lewes te regeer."

Die vr. nie meer: of G in wêr. sal regeer nie — ons moet Hy sal. Mr: Gee ons Hom 'n kans om in ons lewes te regeer? In ons werk, huise, besighd? Is God Koning in ons lewes, in ons verhandinge met ander groepe, rasse, volke? As Xt. vandag by ons kom kuier, sal ~~ons~~ Hy tuis voel in ons huise, skole, winkels, fabrieke?

= Dit is die vr. wat ons moet beantw. — voordat ons nie by onsself begin nie kan ons nie verwag dat God sal regeer in die wêr. om ons nie.

Laat ons dan nie bang wees & vrees nie, laat ons nie wankel nie:

As ons as Xtne net die een strewe het — om Gods wil te soek & uit te voer al kos dit —

ook wat – dan sal dag kom dat:

„aarde sal juig"

– dag wk. Miga sôduid. sê:

En die volkere sal van hulle swaarde pikke
maak, & van hulle spiese snoeimesse; nie meer
sal nasie teen nasie die swaard ophef nie &
hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie" –
want die Here regeer!

En d/om bid ons v/a in kinderl. eenvoud
& opregtheid & geloofsversekering, soos ons Vader ons
self geleer het – uit die diepte van ons
hart:

Onse Vader! – Naam
– Kon.
– wil

Amen.